

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Scheepers v Stander NO and Others In re: Standar NO and Another v Scheepers (73309/2009) [2013] ZAGPPHC 208 (28 June 2013) [2013] ZAGPPHC 208

COURT

North Gauteng High Court, Pretoria

BEFORE

B Neukircher

CASE / FILE NUMBER

73309/2009

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

NOT REPORTABLE

IN DIE NOORD GAUTENG HOE HOF, PRETORIA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saak

No:73309/2009

DATUM:28/06/2013

In die saak tussen:

LOUISA MARIA SCHEEPERS.....Applikant

en

CONRAAD LOUWRENS STANDER N.O..... 1ste Respondent

IGNATIUS CLEMMENT MIKE TEKOTSHIRILELE N.O2de Respondent

(In hul hoedanigheid as voorlopige likwidateurs van

KIRSTEN LOTTERING SCHEEPERS ING (in likwidasie))

DIE TAKSEERMEESTER VAN DIE NOORD-.....3de Respondent

GAUTENG HOE HOF, PRETORIA

STRYDOM & BREDENKAMP ING.....4de Respondent

In re:

CONRAAD LOUWRENS STANDER N.O1ste Applikant

IGNATIUS CLEMMENT MIKA TEKOTSHIRILELE N.O2de Applikant

KIRSTEN LOTTERING SCHEEPERS ING (in likwidasie))

En

LOUISA MARIA SCHEEPERS.....Respondent

UITSPRAAK

1. Die huidige aansoek dien voor my met die volgende bedes: “7. Die Applikant se versuim om te voldoen aan die bepalings van die Reels alternatiewelik die bepalings van Reel 70, gekondoneer word en die tydperk om daar aan te voldoen verleng word.
2. Die allocator van die Derde Respondent gedateer die 8ste Junie 2012, tersyde gestel word.
3. Die iasbrief soos uitgereik deur die Eerste en Tweede Respondente, opgeskort word tot en met ‘n bedrag van R33 461,03 hangende die her-taksasie van die kosterekening in gevolge bedes 4 hieronder.
4. Die Derde Respondent gelas word om die kosterekening weer te plaas vir taksasie en kennis te gee van die taksasie aan die Applikante en die partye gelas word om te voldoen aan die bepaling van Reel 70.
5. Koste van die aansoek, indien geopponeer deur sodanige partye wat die aansoek opponeer, betaal word.
6. Verdere en/of alternatieweregshulp aan die Applikant verleen word.”

DIE PUNT IN LIMINE

2. Voor die aanvang van die aansoek het Mnr Badenhorst, namens die

Respondent, ‘n punt in limine geneem as volg:

2.1. nadat die Applikant haar aansoek geloods het, is die boedel van haar eggenoot, Mnr HCW Scheepers, finaal gesekwestreer op 22 Januarie 2013 onder saaknommer 10818A/2012;

2.2. dat die Applikant en haar eggenoot buite gemeenskap van goed getroud is;

2.3. dat artikel 21(1) van die Insolvensiewet bepaal:

“(1) Die sekwestrasie van die afsonderlike boedel van een van die twee eggenote het verder ten gevolge dat alle goedere (met inbegrip van goedere of die opbrings daarvan, wat op grond van ‘n lasbrief tot beslaglegging in die hande van ‘n Balju of geregsbode) van die eggenoot wie se boedel gesekwestreer is nie (hieronder die solvente eggenoot genoem) oorgaan op die meester totdat ‘n kurator aangestel is en na aanstelling van die kurator op horn, asof dit goedere van die gesekwestreerde boedel was, en dat die Meester of kurator bevoeg word om met daardie goedere dienooreenkomstig te handel, behoudens die volgende bepalings van hierdie artikel;”

2.4. dat die Meester nog geen kurator aangeste! het nie en dat, gevolglik die boedels van die twee eggenote vestig in die Meester totdat 'n kurator aangestel word;

2.5. dat die gevolg van artikels 20 en 21 is dat die reg van die Applikant otn hierdie aansoek (wat geloods is voor haar man se sekwestrasie) voort te sit ingeperk word.

3. Mnr Badenhorst het verder betoog dat die Applikant se aansoek nie van die hand gewys behoort te word op hierdie stadium vanwee hierdie punt (indien suksesvol) maar bloot uitgestel moet word totdat haar boedel deur die kurator weer vrygelaat word.
4. Die betoog, soos ek dit verstaan, is dat die “goed” wat in die trustee vestig nie net roerende en onvoerende goed is nie, maar ook onliggaamlike goed (of “incorporeal rights”). Verder, so lui die betoog, aan die hand van *De Villiers N.O v Delta Cables (Edms) Bpk 1992 (1) SA 9 (AD)* op 14:

“in De Villiers NO v Delta Cables (Edms) Beperk supra op 14 het die Appelfhof Artikel 21 omvattend analiseer ook met betrekking tot die argument wat aangevoer is voor die Appelfhof, dat die Insolvensiewet geen uitdruklike bepaling het dat a lie regsaksies deur of teen die solvente eggenoot, gestaak word by sekwestrasie van die insolvente eggenoot, nie. Op 14J het die Appelfhof bevind dat geen so 'n bepaling van toepassing gemaak is op die solvente eggenoot, aangesien die Wet voorsien dat die solvente eggenoot mettertyd vn/gelate bates of nuut bekomde bates na sekwestrasie van sy of haar eggenoot sal verkry en dat litigasie vir of teen met betrekking tot daardie bates, nie statuter beperk kan word nie;”

5. Die toepassing van bogenoemde op die huidige saak is dat indien Applikant suksesvol is in hierdie saak, dit sal beteken dat die kostebevel teen haar boedel verminder word met R50 000,00 en sou 'n kostebevel teen haar toegestaan word sal die effek daarvan wees dat koste toegestaan word teen die insolvente boedel van haar eggenoot waarhaar boedel tans vestig in die Meester...”
6. Mnr van Rensburg se betoog is die volgende:

“By bepaling van die vraag of die litigasie in casu enigsins betrekking het op “goed” van die Applikant moet daar in gedagte gehou word dat die Insolvensieweg n onderskeid tref tussen die “boedel” en die “goed” van 'n insolvent In terme van Artikel 20 het 'n sekwestrasie die uitwerking dat die insolvent se “boedel” ophou om aan horn te behoort en oorgaan op die Meester totdat 'n kurator aangestel is en na aanstelling van 'n kurator, op horn, 'n Boedel bestaan nie net uit bates nie maar is 'n konglomeraat van bates en laste. Daarteenoor het die “goed” van 'n insolvent slegs betrekking op die bates wat aan 'n insolvent behoort. In terme van art 21 van die Insolvensieweg hou die Applikant se boedel nie op om aan haar te behoort nie en is dit slegs haar “goed” wat deur die bepalings daarvan geraak word. Die artikel het dus nie betrekking op haar laste nie.”

7. Hy betoog verder dat die “roerende goed” waarmee daar hier te doen is 'n vorderingsreg is en dat die 'n

persoonlike reg is wat een persoon teen 'n ander het. Wat die argument interessant maak is dat hy betoog dat dit die Respondente is wat die vorderingsreg het teen Applikant vir die betaling van hulle koste en dat die Applikant dus 'n verpligting hetom daardie koste aan Respondent te betaal.

8. Hy betoog dus dat die vorderingsreg hier ter sprake nie die van die Applikant is, maar wel die van die Respondente is en dat dit meebring 'n verpligting om te presteer teenoor die Respondente welke dan 'n las teen (of in) Applikant se boedel is.
9. Mnr van Rensburg betoog dat hierdie aansoek ten doel het om 'n las teen die Applicant se boedel te verminder en het niks te make met enige bate wat in haar boedel verstig nie.
10. Hy betoog gevolglik dat die Applikant se locus standi om met betrekking tot die omvang van haar laste te litigeer nie deur die

bepaling van artikel 21 geraak word nie.

11. Artikel 21 lui soos volg:

“(1) Die sekwestrasie van die afsonderlike boedel van een van die twee eggenote wat nie geskeie teef nie kragtens ‘ regterlike

skeidingsbevel, het verder ten gevolge dat alle goedere (met inbegrip van goedere of die opbrings daarvan, wat op grond van 'n

lasbrief tot beslaglegging in die hande van 'n Balju of geregsbode) van die eggenoot wie se boedel nie gesekwestreer is nie

(hieronder die solvente eggenoot genoem) oorgaan op die Meester totdat 'n kurator aangestel is en na aanstelling van die

kurator op hom, asof dit goedere van die gesekwestreerde boedel was, en dat die Meester of kurator bevoeg word om met daardie goedere

dienooreenkomstig te handel, behoudens die volgende bepalings van hierdie artikel;

- (2) Die kurator moet alle goedere van die solvente eggenoot vrygee waarvan bewys word -
 - (a) dat hulle die eiendom van daardie eggenoot was onmiddellik voor haar of sy huwelik met die insolvent of voor die eerste dag van Oktober 1926; of
 - (b) dat hulle deur daardie eggenoot verkry is kragtens 'n huwelikskontrak; of
 - (c) dat hulle deur daardie eggenoot gedurende die huwelik met die insolvent verkry is kragtens 'n titel wat regsgeldig is teenoor die skuldeisers van die insolvent; of
 - (d) dat hulle ten behoeve van daardie eggenoot gevrywaar is deur artikel agt- en-twintig van hierdie Wet of deur die “Verzekeringswet,

1923” (Wet 37 van

1923) of deur die Versekeringsordonnansie, 1927 (Ordonnartsie 12 van 1927 van die Gebied; of (d) dat huile met sodanige goeder as voormeld, of met die inkomste of opbrings daarvan verkry is.

(3) As die solvent se eggenoot in die Republiek is en die kurator in staat is om sy of haar adres te verkry mag die kurator nie sonder verlof van die hof goedere, wat blykbaar aan die solvente eggenoot behoort het te gelde maak nie binne ses weke na skriftelike

kennisgewing aan daardie eggenoot van sy voorneme om dit te doen. Bedoelde kennisgewing moet ook gepubliseer word in die Staatskoerant

en in 'n nuusblad in omloop in die distrik waarin die solvente eggenoot woon of besigheid dryf, en daarin moet alle afsonderlike

skuldeisers vir waarde van daardie eggenoot uitgenodig word om hulle vorderings volgens voorskrif van subartikel (5) te bewys.

(4) Die solvente eggenoot kan die hof versoek om 'n order tot vrygawe van goed wat kragtens subartikel (1) op die kurator van die insolvente boedel oorgegaan het of om 'n order tot opskorting van die verkoping van sodanige goed of as dit reeds verkoop maar die opbrings da an/an nog nie onder skuldeisers verdeel is nie, om 'n order waarin verklaar word dat die versoeker op daardie opbrings geregtig is; en die hof kan na aanleiding van daardie versoek die order uitvaardig wat hy billik ag..."

(my beklemtoning)

12. Wat Harsken v Lane N.O and Others betref:

"The property vests "as if it were property of the sequestrated estate" and the Master or a trustee may deal therewith

accordingly, but subject to the further statutory provisions mentioned post. The affect of section 21 is that it temporarily divests the insolvent spouse of his or her property; and, in the light also of the provisions of section 21(5) of the Insolvency Act, at the institution of a concursus creditorum in respect of such property and Me creditors of the solvent spouse. Thus, notwithstanding that the vesting itself does not affect the contractual capacity of the insolvent spouse, any juristic act of such spouse in relation to such property is a nullity\1

13. Ook De Villiers N.O v Delta Cables (Edms) Bpk saak op 15 G - J:

"In the final analysis however, it does not make any difference ... whether a trustee become the owner of property of the solvent spouse, or whether he merely obtains the right of disposition and control thereof (which, it would seem is the right obtained by a liquidator of an insolvent company in respect of the companies' assets). I say so because, as has been pointed out, the legislature intended that the vesting of a property of a solvent spouse in the trustee (or the Master) should bring about a concursus of the creditors of that spouse. Subsequent to such vesting any disposition of the property, or the purported grant of a right in regard thereto, by the solvent spouse is ineffective as against the trustee. Thus the spouse cannot confer ownership upon a third party to whom he or she donates and delivers an

unreleased asset. Likewise a person to whom the solvent spouse delivers such an asset pursuant to a contract of pledge does not obtain a real right. And if the spouse performed any juristic act regarding his or her property prior to the sequestration of the insolvent's estate, the position is frozen as at that date"]

14. Wat hierdie sake in gemeen het is dat hulle altwee praat van “goed” (of “property”) en “bates”, en so ook Artikel 21(1).
15. Wat belangrik is, is dat ‘n boedel bestaan uit beide bates en laste. Dit is, myns insiens, duidelik dat artikel 21 betrekking het op die solvente gade se boedel juis om te verhoed dat ‘n insolvent sy bates “wegsteek” in die ander gade se boedel om die bepalings en gevolge van die Insolvensie Wet te omseil.
16. Dit is, na my mening, baie duidelik dat die totale gevolge van insolvensie nie toepassing vind op die solvente gade nie en dat die trustee nie geïnteresseerd is in die laste komponent van die solvente gade se boedel nie, maar slegs die bates vir die rede (onder andere) uiteengesit in paragraaf 15 supra.
17. Vir hierdie rede stem ek met Mnr van Rensburg se betoog saam dat die kostebevel wat die onderwerp van hierdie aansoek is, ‘n las is in die Applikant se boedel en dat die vorderingsreg eintlik aan Respondent behoort.
18. Gevolglik bevind ek dat, anders as regte verkry in terme van ‘n kontrak wat Applikant sou probeer afdwing en wat wel deur Artikel 21 geraak word, hierdie besondere geval nie vergelykbaar is nie en nie getref word deur die bepalings van Artikel 21 nie.
19. Gevolglik bevind ek dat Applikant se locus standi nie geraak word deur Artikel 21 nie en die punt in limine word van die hand gewys met koste.

DIE HOOFAANSOEK

20. Die basies gemenesaak feite van die aansoek is die volgende:

20.1. Die Eerste en Tweede Respondente (likwidateurs) het ‘n aksie geloods teen die Applikant onder saaknommer 69977/2009, welke suksesvol was en ‘n kostebevel is teen Applikant verleen.

20.2. Kennis van taksasie is op Applikant se prokureur van rekord beteken op 23 April 2012 en in daardie kennisgewing is die taksasie geplaas vir 8 Junie 2012 om 11 h30.

20.3. Geen opponering tot die taksasie is geliasseer nie en die taksasie het, in die afwesigheid van die Applikant of haar verteenwoordiger

plaasgevind en die allocatur is voltooi en deur die takseermeester op 8 Junie 2012 onderteken.

20.4. Die koste is in die bedrag van R85 740.11 takseer.

21. Die Applikant se prokureur van rekord meld in sy verklaring dat, vir een of ander onverklaarbare rede, het die Kennisgewing van Taksasie nooit tot sy kennis gekom nie. Hy beweer dat die Kennisgewing steeds nie opgespoor kon word nie en hy vermoed dat dit moontlik foutiewelik geliasseer is.
22. Hy meld verder dat hy op 14 Maart 2012 'n knieervangingsoperasie ondergaan het en "...was vir etlike weke uit sirkulasie en 'n verdere tydperk afwesig van die kantoor vanwee 7? komplikasie." Interessant genoeg is daar nie melding gemaak van die presiese duur van die tydperk wat hy afwesig was nie.
23. Hy beweer verder dat die saak onder sy aandag gekom het toe hy 'n skrywe van die Respondent ontvang het gedurende Junie 2012 met die getakseerde rekening aangeheg.
24. Dit blyk dat die getakseerde rekening nagegaan is deur sy kostekonsultant en die gedisputeerde items kom daarop neer dat 'n

bedrag van R55 279,04 van die rekening afgetakseer behoort te word aldus hulle, wat 'n bedrag van R33 461.07 oorlaat vir betaling. Hierdie bedrag is, volgens die stukke, aan Respondent oorbetaal met betekening van hierdie stukke.

25. Die deponent het ook met Eerste en Tweede Respondent se prokureur probeer onderhandei, maar sonder sukses.
26. In ieder geval, 'n lasbrief is deur Eerste en Tweede Respondente se prokureur (die Vierde Respondent) uitgereik vir die

verhaal van die R85 740.11.

27. Eerste en Tweede Respondente opponeer hierdie aansoek. Hulle beweer dat:

27.1. dit is gemenesaak dat die taksasie nie opponeer is nie;

27.2. geen redelike verduideliking is hiervoor gegee nie;

27.3. die verduideliking wat wel gegee is kom neer op die nalatigheid van Applikant se prokureur en dat dit geen redelike verduideliking

daarstel nie;

27.4. die aansoek is eintlik vir die hersiening van 'n taksasie en aangesien Applikant nie die taksasie bygewoon het nie, kan sy nie op reel 48 steun nie;

27.5. die aansoek is buite tyd geloods;

27.6. die aansoek moet aan reel 27 voldoen vir die laat liassering daarvan.

28. Die Eerste en Tweede Respondente beweer dat die afwesigheid van die Applikant se prokureur nie genoegsame rede is om die versuim om 'n kennisgewing van opponering te liasseer te verduidelik nie en dat die prokureur se kantoor en die kosterekening afdeling oor genoegsame personeel beskik om in sy afwesigheid die nodige te kan doen.
29. Hulle beweer dat hierdie aansoek net die finalisering van die litigasie sal vertraag en dat daar geen meriete is in die aansoek

nie.

30. Hulle ontken verder dat die opinie van die Applikant se kostekonsultant enigsins 'n "betroubare deskundige mening" is.

31. Die hoogwatermerk van die opponering is die volgende:

"17.3 Die grondslag vir die proses is dat 'n hof bevel en die taksasie van die koste in verband daarmee, so spoedig as moontlik

afgehandel moet word. Daarmee saam gaan die oorweging dat die uitoefening van die diskresie van 'n Takseermeester nie maande

na die tyd, vir heroorweging aan 'n Hof voorgele word waar die Takseermeester blootgestel word aan die heroorweging van faktore wat by hom n rol gespeel het by taksasie en wat tot gevolg het dat die Takseermeester opgeroep word om maande na die tyd die uitoefening van die diskresie en die faktore wat by hom 'n rol gespeel het in herinnering te roep nie;"

32. Kritiek teen die kostekonsultant se opinie oor spesifieke items in die kosterekening word ook gehef.
33. Dit is baie duidelik dat hierdie aansoek nog 'n aansoek in terme van reel 48 is nie, nog 'n aansoek om hersiening is nie en, in elk geval, dit is ook nie die Applikant se saak dat dit is nie.
34. Die vraag is dan: in terme van welke hofreel of gemeenregtelike beginsel moet hierdie aansoek beoordeel word?
35. "Die allocatur van die Takseermeester beheis 'n kwasie-judisie administratiewe handling.. Die verrigtinge voor hom is n geding in die kleine en die beginsel van die gemenereg wat by tersydestelling van verstekvonnisse geld is derhalwe ook van toepassing op die tersydestelling van die Takseermeester se allocatur..."

Sien: Griinder v Grunder en andere 1990 (4) SA 680 (KPA)

36. Volgens die gemenereg is daar sekere elemente wat in so 'n aansoek teenwoordig moet wees:

36.1. daar moet sogenaamde "sufficient cause" gewys word;

36.2. daar moet 'n redelike verduideliking vir die versuim wees;

36.3. die aansoek moet bona fide wees; en

36.4. die Applikant moet wys dat hy £n bona fide verweer het wat 'n redelike vooruitsig op sukses het.

37. "Sufficient cause":

Wat is "sufficient cause" is oor die jare in etlike sake deur ons howe gedebatteer. Sien Harris v Absa Bank t/a Volkskas 2006 (4) SA 527 (TPD) waar dit gese is dat die hof se diskresie nie onnodiglik beperk moet word nie.

"A steady body of judicial authorities has held that a court seized with an application for rescission of judgement should not in determining whether good or sufficient cause has been proven, look at the adequacy or other wise at the explanation of the default or failure in isolation.

1Instead, the explanation, be it good, bad, or indifferent, must be considered in the light of the nature of the defence, which is an important consideration, and in the light of all the facts and circumstances of the case as a whole.' (De Witts Auto Body Repairs (Ptv) Ltd v Fedgen Insurance Co Ltd 1994 (4) S/A 705 (E) at 711 D)

See: Harris vAbsa Bank (supra) at 530 par [10]

38. Redelike verduideliking:

Die versuim om die taksasie by te woon kan net voor die deur van Applikant se prokureur gele word. Applikant is, in hierdie besondere

omstandighede, blaamloos, en die vraag is of mnr Geldenhuys se verduideliking van die gebeure genoegsaam is om my diskresie op

hierdie punt uit te oefen in Applikant se guns?

39. Dit is wel so dat die nalatigheid van 'n litigant se prokureur nie, opsigself 'n rede om 'n bevel tersyde te stel daarstel nie (sien De Wet and Others v Western Bank 1977 (4) SA 770 (TPD); Tshabalala v Peer 1979 (4) SA 27 (T)) maar daar is, in sekere omstandighede, waar dit blyk dat die Applikant blaamloos voor die hof staan, veel daarvan te se dat 'n hof sy diskresie in die guns van Applikant behoort uit te oefen (Sien ook De Sousa v Kerr 1978 (3) SA 635 (W); Topol and Others v LS Group Management Services (Ptv) Ltd 1988 (1) SA 639 (W)).

40. Dus, op hierdie aspek bevind ek dat daar genoegsame redelike verduideliking vir die versuim is en ek bevind dat die tydperk tussen Junie 2012 (wat die getakseerde rekening tot die prokureur se aandag gekom het) en 28 Augustus 2012 (wat hierdie aansoek geload is) nie onredelik is nie en vir insover dit nodig is word die nodige kondonاسie verleen.

41. Bona fide aansoek:

Ook op hierdie aspek bevind ek dat daar geen ander bedoeling is behalwe om die kosterekening te opponeer. Dit blyk nie dat die bedoeling is om enigsins betaling van dit wat regmatig aan

Respondent verskuldig is te verlaag nie en die tender, en gepaardgaande betaling van die erkende verskuldigde bedrag van R33 461,07 dien ter stawing hiervan.

42 .Ad bona fide verweer:

Ek gaan nie die items wat Applikant se kostekonsultant in dispuut plaas deurgaans nie en 'n mening daarvoor uitspreek nie. Myns insiens, deur dit te doen sal die Takseermeester se diskresie inperk en sy hande bind. Dit staan dus beide partye vry om die kosterekening ten voile te debatteer sonder enige voorskrif van hierdie hof.

43. Ek stem ook nie saam met Respondent se interpretasie dat, om die rekening terug te verwys, die Takseermeester sy vorige redes vir die allocatur moet oproep nie - die terugverwysing word op 'n sogenaamde "clean slate" gedoen. Insteede van die partye voor hom is daar nou 'n bestrede taksasie en hy moet na die argumente luister en sy diskresie uitoefen.
44. Bogenoemde kan, myns insiens nie nadeel vir Respondent inhou nie, en vir in geval daar nadeel mag wees hou dit groter nadeel vir Applikant in indien hierdie aansoek nie slaag nie.
45. Ek bevind dus dat Applikant aan al die gemeenregtelike vereistes vir die tersydestelling van hierdie allocatur voldoen het.
46. Natuurlik, moet hierdie bevinding moet die lasbrief wat uitgereik is op sterkte van die allocatur ook tersyde gestel word.
47. Die vraag is nou: wat van die koste?

Mnr van Rensburg het betoog dat alhoewel die gewone bevel is dat die koste van so 'n aansoek normaalweg deur die Applikant gedra word want die tersydestelling is 'n vergunning aan 'n Applikant, in hierdie saak, moet die Eerste en Tweede Respondent die koste dra weens die onredelike opponering van hierdie aansoek.

48. Daarteenoor sluit die Eerste en Tweede Respondente se verklaring af met die volgende:

is daar geen basis gele waarom daar met die diskresie van die Takseermeester ingemeng moet word nie en is daar derhalwe geen meriete in die aansoek van die Applikant nie. ”

49. Geen kostebevel is gevra teen Applikant nie.
50. Ek kan nie met mnr Van Rensburg se betoog saamstem nie. Die Eerste en Tweede Respondente is geregtig om hulle posisie te kan verdedig en hulle saak voor die hof te plaas.

BEVEL

Gevollik maak ek die volgende bevel:

1. Die allocatur van die Derde Respondent gedateer 8 Junie 2012 word tersyde gestel;
2. Die lasbrief uitgereik deur die Eerste en Tweede Respondente onder saaknommer 73309/2009 word tersyde gestel;

3. Die Derde Respondent word versoek om die kosterekening opgestel onder saaknommer 73309/2009 terrolle te plaas vir taksasie enkennis van die datum van taksasie aan Applikant asook Eerste en Tweede Respondent se prokureur te gee;
4. Dit word gelas dat die taksasie de novo sal plaasvind in gevolg die bepalings van reel 70 van die eenvormige hofreels;
5. Geen bevel ten aansien van koste word gemaak nie.

B NEUKIRCHER (AJ)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPPHC/2013/208.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/scheepers-v-stander-no-and-others-unknown-topic-agpphc-2013>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria